

Sondag 27 September

Skrifgedeelte: Ester 8:3-17

Fokusgedeelte: Ester 8:10

God verander die onmoontlike na die moontlike

Gister het ons gekyk hoe Haman, die skurk, ontbloot is en aan die pen gery het. Sy bose plan bly egter nog staan, dit kan nie herroep word nie. 'n Koninklike proklamasie kan nie herroep word nie. Is daar dan nou geen uitkoms nie? Ester moet weer haar lewe waag om die koning te spreek. Die koning luister; anders as met Haman, tree Ahasveros nie op nie, maar gee vir Ester en Mordegai die volmag om namens hom op te tree.

Blitsig moet daar 'n plan gemaak word en briewe geskryf word. Baie wysheid is nodig om te verhoed dat die volk uitgeroei word. Hulle kan nie die bevel van die koning omkeer nie. Dit lyk onmoontlik om die Jode te red, maar dan maak die Here dit moontlik: hulle kan briewe uitstuur dat die Jode hulleself mag verdedig – hulle mag selfs hulle aanvallers se eiendom oorneem.

Een oomblik sou die Jode uitgeroei gewees het – nou staan hulle gereed om hulle vyande te kan wreek en selfs hulle vyande se vroue en kinders doodmaak. Maar, gaan hulle nou te ver? Is dit nie genoeg om hulleself net te verdedig nie? Hier gee God nie net die uitkoms nie, maar word die vyande van God se volk ook gewreek. Die Here tree op teen sy vyande: *“Hy sal sy haters ver en wyd laat wegvlug voor sy oë.”*

En dan is daar 'n onverwagse wending: baie mense uit ander volksgroepe het Jode geword, die Jode wat vernietig word, word nou vermeerder! So kan ons donkerste omstandighede deur die Here verander word en self vir ons tot seën wees. Die Here se Naam word verheerlik, sy volk word vergroot – en dit uit wat aanvanklik 'n tragedie sou wees!

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)